SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2017

# TOERISME
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | D ✓ | | |
| | 1.1.2 | D ✓ | | |
| | 1.1.3 | A ✓ | | |
| | 1.1.4 | C ✓ | | |
| | 1.1.5 | C ✓ | | |
| | 1.1.6 | B ✓ | | |
| | 1.1.7 | A ✓ | | |
| | 1.1.8 | A ✓ | | |
| | 1.1.9 | D ✓ | | |
| | 1.1.10 | C ✓ | | |
| | 1.1.11 | B ✓ | | |
| | 1.1.12 | B ✓ | | |
| | 1.1.13 | C ✓ | | |
| | 1.1.14 | C ✓ | | |
| | 1.1.15 | D ✓ | | |
| | 1.1.16 | C ✓ | | |
| | 1.1.17 | A ✓ | | |
| | 1.1.18 | C ✓ | | |
| | 1.1.19 | B ✓ | | |
| | 1.1.20 | D ✓ | (20 x 1) | (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | C ✓ | | |
| | 1.2.2 | A ✓ | | |
| | 1.2.3 | D ✓ | | |
| | 1.2.4 | F ✓ | | |
| | 1.2.5 | B ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | Opbouende ✓ | | |
| | 1.3.2 | verhale ✓ | | |
| | 1.3.3 | Graad I ✓ | | |
| | 1.3.4 | Onder-die-lyn ✓ | | |
| | 1.3.5 | Marknavorsing ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.4 | 1.4.1 | Okavango Delta ✓ | | |
| | 1.4.2 | Tamarin Baai ✓ | | |
| | 1.4.3 | Karibameer ✓ | | |
| | 1.4.4 | Malutiberge ✓ | | |
| | 1.4.5 | Bazaruto Eilandgroep ✓ | (5 x 1) | (5) |
| 1.5 | 1.5.1 | B ✓ | | |
| | 1.5.2 | D ✓ | | |
| | 1.5.3 | E ✓ | | |
| | 1.5.4 | A ✓ | | |
| | 1.5.5 | C ✓ | (5 x 1) | (5) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA VERHANDELING

### VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Vlugte ✓
- Motorverhuring ✓
- Verblyf
- Twee maaltye per dag
- Een wildrit per verblyf (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 Natuurliefhebber / Ekotoeris ✓
Motivering: Tydens die toer word besoek by ʼn safarigastehuis (game lodge) afgelê wat geleenthede bied vir wildbesigtiging. ✓

**OF**

Ontspanningstoeris
Motivering: die toer bied geleenthede vir ontspanning.

**OF**

Gesondheidstoeris
Motivering: Die toer bied verblyf by ʼn spa. (2)

2.1.3
- Ontspanning ✓✓
- Wildbesigtiging
- Besoek aan ʼn spa (2)

2.1.4
- Somerklere ✓/ Ligte, koel klere
- Hoed ✓
- Sonbrandmiddel

***LET WEL****: Antwoorde moet aan die somerweer gekoppel word.* (2)

**[8]**

### VRAAG 3

3.1 \$75 x ✓ 14,19 ✓ = R1 064,25 ✓ **OF** R1 064,25 ✓✓✓ (3)

3.2 3.2.1 Fluktuasies verwys na ʼn styging en daling van die wisselkoers van ʼn geldeenheid. ✓✓ (2)

3.2.2 Buitelandse-valuta handelaars ✓
Kommersiële banke ✓ (2)
Bureaux de change

3.2.3 R8 500 ÷ ✓17,62 ✓= £482,41 ✓ **OF** £482,41 ✓✓✓ (3)

3.3
- Die geld wat deur hulle spandeer word in die plaaslike gemeenskappe van die lande wat hulle besoek sal die vermenigvuldigereffek in werking stel wat dus die ekonomieë sal bevorder. ✓✓
- Hulle sal geld op verblyf, aktiwiteite, restaurante, inkopies ens. spandeer en dus die plaaslike gemeenskappe bevorder.
- Werkskepping vir plaaslike gemeenskappe.

***LET WEL****: Punte moet nie toegeken word as ʼn verduideliking nie gegee word nie.* (2)

**[12]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR EN ERFENISTOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1
- Visvang ✓ / Kunsvlieghengel
- Besigtiging van seekoeie en krokodille
- Kayak ry
- Verkenning van die dam per boot
- Voëlkyk
- Bootritte met sonsondergang
- Toere van die damwal
- Uitstappies
- Duik (Enige een) (1)

4.2

| **SAOG aantreklikheid** | **Land** | **EEN rede waarom dit as 'n top toeriste aantreklikheid beskou word** | |
|---|---|---|---|
| Cahora Bassa Dam | Mosambiek ✓ | • Dit is die tweede grootste dam in Afrika ✓✓<br>• Dit is die grootste hidro-elektrieseskema in Suidelike Afrika<br>• Die bou van die damwal op die Zambezi-rivier het die vierde grootste mensgemaakte meer in Afrika geskep<br>• Die meer het 'n wye verskeidenheid van vissoorte | (3) |
| Koninklike Heuwels van Ambohimanga | Madagaskar ✓ | • Die terrein het kulturele, geskiedkundige en godsdienstige betekenis ✓✓<br>• Daar is terreine waar die lede van die Madagaskar koninklike gesin begrawe is in die geskiedkundige dorpie wat met mure omring is<br>• Dit is 'n plek van aanbidding vir die burgers van Madagaskar<br>• Dit is 'n UNESCO Wêrelderfenisterrein | (3) |
| Kahuzi-Biega Nasionale Park | Demokratiese Republiek van die Kongo ✓ / DRK | • Dit is die tuiste van een van die laaste bestaande groepe van die laagland-gorillas ✓✓<br>• Sjimpansees, woud-olifante en baie ander wildspesies en plante word in die park aangetref<br>• Dit is 'n UNESCO Wêrelderfenisterrein | (3) |

| SAOG aantreklikheid | Land | EEN rede waarom dit as ŉ top toeriste aantreklikheid beskou word | |
|---|---|---|---|
| Die Tsodilo Heuwels | Botswana ✓ | • Daar is ŉ groot verskeidenheid San rotskuns wat terug dateer tot Vroeë Ystertydperk ✓✓<br>• Dit is ŉ heilige en godsdienstige gebied vir die San mense<br>• Dit is ŉ UNESCO Wêrelderfenisterrein | (3) |
| Matopo Heuwels | Zimbabwe ✓ | • Daar is baie kenmerkende rotsformasies in die gebied ✓✓<br>• Die gebied het een van die grootste versamelings van rotskuns in suidelike Afrika<br>• Die gebied het oorvloedige dier en plantspesies<br>• Dit is ŉ UNESCO Wêrelderfenisterrein | (3) |

**[16]**

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1 (a) Die kulturele ervaring wat gebied word is eie aan die gebied en kan nêrens anders ervaar word nie. ✓✓ (2)

(b) Daar is ŉ wye verskeidenheid kulturele ervarings wat aangebied word. ✓✓ (2)

5.1.2 Xhosa ✓✓ (2)

5.1.3
- Vroueklere sluit klere met helder kleure in soos oranje, groen, rooi en wit met omboorsel en krale wat saam met ŉ romp gedra word. ✓✓ Die hooftooisel is ŉ kleurvolle gevlegte tulbandhoed.
- Die Xhosa is bekend vir hulle pragtige kralewerk wat ŉ belangrike deel uitmaak van die vrouens se tradisionele drag. ✓✓
- Vrouens dra lang halssnoere gemaak van krale, met ŉ kraag gemaak van veelkleurige krale om die nek asook arm- en enkelbande gemaak van krale.
- Volgens tradisie toon die vrouens se klere en ornamente die verskillende stadiums van hulle lewens.
- Xhosa-mans dra gewoonlik ŉ bedekking om hulle middel en ŉ kort diervel-mantel oor die skouers. Soms word die mantel met ŉ kombers vervang. Xhosa-mans het tradisioneel diervel-sandale gedra.
- Tydens inisiasie smeer Xhosa-seuns hulle liggame wit en dra ŉ kombers of skaapvel vir beskerming teen kwaad.

***LET WEL**: Aanvaar enige ander gepaste antwoord.* (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

5.2 5.2.1 Suid-Afrikaanse Erfenisbronne Agentskap ✓✓ (2)

5.2.2 SAEHA beskerm Suid-Afrika se kulturele erfenis. ✓✓ Dit voed en lei Suid-Afrikaners op om erfenishulpbronne te help identifiseer. ✓✓ Nog ŉ taak van SAEHA is om ŉ databasis van inligting oor die nasionale besit te hou. ✓✓ (3 x 2) (6)

5.2.3 Die strukture kan van kulturele belang wees of kan van spesiale waarde wees vir die huidige gemeenskap of toekomstige generasies. ✓✓ (2)

**[20]**

**VRAAG 6**

6.1

| **Bo-die-lyn promosietegnieke** | **Onder-die-lyn promosietegnieke** |
|---|---|
| Elektroniese advertensies ✓ bv. webgebasseerde advertensies, videomure, digitale vertoonborde | Persoonlike verkope ✓ |
| Gedrukte materiaal ✓ bv. brosjures | Verkooppromosies ✓ |
| Konvensionele mediagereedskap ✓ bv. tydskrifte | Borgskappe ✓ |

(6 x 1) (6)

6.2
- Ontspanningstoeris ✓
- Besigheidstoeris ✓ (2)

6.3
- Onderhoude ✓✓
- Opnames ✓✓
- Vraelyste
- Versameling van ŉ monster van potensiële kliënte en verkryging van hulle terugvoering (2 x 2) (4)

6.4 Die kostes vir tolvry oproepe moet deur Flight Centre betaal word en daarom moet dit met die opstel van die begroting in ag geneem word. ✓✓ (2)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE

### VRAAG 7

7.1 7.1.1
- Mango lugredery ✓
- Kulula (Enige 1 x 1) (1)

7.1.2 Johannesburg ✓en Port Elizabeth ✓ (2 x 1) (2)

7.1.3 Laekoste lugrederye bied vlugte teen ŉ laer koste. ✓✓
Passasiers het minder gemak en ŉ laer vlak van diens op ŉ laekoste lugredery. ✓✓
Verversings en koerante word gewoonlik nie in die kaartjieprys ingesluit nie en moet aan boord laekoste lugrederye gekoop word.
Kaartjies word nie gewoonlik aan spesifieke sitplekke toegeken op laekoste lugrederye nie.
Slegs een diensklas, ekonomiese klas, is op laekoste lugrederye beskikbaar. (Enige 2 x 2) (4)

7.1.4 Smalromp vliegtuig ✓✓
**Motivering**: FlySafair bied slegs binnelandse vlugte en maak daarom slegs gebruik van smalromp vliegtuie. ✓✓
Wyeromp vliegtuie word vir langafstand, internasionale vlugte gebruik. (2 x 2) (4)

7.1.5
- Die passasier moet by die inboektoonbank van die lugredery waarop hy/sy bespreek is aanmeld en identifikasie toon (identiteitsdokument, bestuurderslisensie of paspoort). ✓✓
- Die passasier moet by die inboektoonbank aanmeld ten minste ŉ uur voor die vertrektyd van die vlug. ✓✓
- Die personeellid sal die passasier se besonderhede nagaan volgens die besprekings op die vlug.
- Die passasier sal hul inboekbagasie op die skaal plaas waarna daar ŉ etiket daarop geplaas sal word en dit sal na die vliegtuig geneem word. ✓✓
- Die passasier sal ŉ instapkaart en bagasie-etiket ontvang. Hierdie dien as bewys dat hul bagasie ingeboek is.
- Die passasier stap na die sekuriteitsbeheerpunt. (3 x 2) (6)

7.1.6

| Voordeel | Nadeel |
|---|---|
| • Dit is makliker vir die passasier om op te staan en na die badkamer te gaan. ✓✓ | • Passasiers mag dalk moet opstaan as passasiers langs die venster tydens die vlug wil beweeg. ✓✓ |
| • Dit is makliker vir die passasier om op te staan om bene te rek of om hul bene in die gang uit te rek. | • Passasiers kan deur mense wat in die gang op en af stap gestamp word. |
| • 'n Passasier wat langs die gang sit sal dit makliker en vinniger vind om af te klim van die vliegtuig. | (Enige 2 x 2) |

(4)

7.1.7 R1 416 + R300 ✓ (R150 per been van die reis) = R1 716 ✓ **OF**
R1 716 ✓✓ (2)

7.2 7.2.1 Geldige bestuurderslisensie ✓✓ (2)

7.2.2 Die premie is hoër maar die bybetaling wat die huurder moet betaal is laer as met standaard versekering indien die voertuig in 'n ongeluk betrokke is. ✓✓ (2)

7.2.3 Die bedrag geld wat die huurder moet betaal (aanspreeklik voor is) as dit sy of haar skuld in 'n versekeringseis is. ✓✓ (2)

7.2.4 Die persoon wat die voertuig huur word in hulle persoonlike hoedanigheid gedurende die tydperk van die huur vir die sterftevoordeel, mediese uitgawes en ondersteuning wat nodig is in die geval van 'n ongeluk gedek. ✓✓ (2)

7.2.5 Betaling deur kredietkaart beteken dat die verhuringsmaatskappy die huurder kan opspoor en ook dat hulle die persoon se bankbesonderhede het. ✓✓
Betaling deur kredietkaart laat die huurmaatskappy toe om 'n houvas vir die nodige bedrag op die kredietkaart van die kliënt te sit. Hierdie bedrag word opgehef indien die huurder die voertuig terugbesorg in die toestand waarin dit ontvang is. ✓✓ (2 x 2) (4)

7.2.6 Vuyani kry gratis 400 km met die voertuig wat hy huur. Hy bestuur 'n addisionele 60 km @ R2,26 per km.
Totale koste: R1 287 + R135,60 ✓ (kilometers) = R1 422,60 ✓✓ **OF**
R1 422,60 ✓✓✓ (3)

7.3 **By stasies:**
Streng sekuriteit word by alle stasies gehandhaaf met elektroniese bewaking en sigbare polisieëring. ✓✓ Daar is meer as 650 kringtelevisiekameras by stasies en op peronne. SA Vervoer Polisie en sekuriteitsbeamptes handhaaf ŉ konstante teenwoordigheid. Slegs geldige kaartjiehouers word op stasies toegelaat. (2)

**Aanboord die Gautrein:**
Streng sekuriteit word by alle stasies gehandhaaf met elektroniese bewaking en sigbare polisiëring. ✓✓ Daar is meer as 650 kringtelevisiekameras op treine. SA Vervoerpolisie en sekuriteitsbeamptes handhaaf ŉ konstante teenwoordigheid op treine. Slegs geldige kaartjiehouers word op treine toegelaat.
Binnekajuit-kameras stel die bestuurder in staat om te sien wat op die trein gebeur. Alarm-eenhede maak voorsiening vir alarms om af te gaan in geval van nood. (2)

7.4 ŉ Suite is die duurste tipe kajuit aan boord ŉ luukse toerskip. Daar is addisionele fasiliteite daarin, byvoorbeeld ŉ balkon, volle badkamer, aparte leef en slaap-areas, kroeg en kombuis. ✓✓

ŉ Binnekajuit is gewoonlik die goedkoopste/kleinste tipe verblyf aan boord ŉ luukse toerskip. Daar is geen vensters nie en slegs basiese fasiliteite. ✓✓
(2 x 2) (4)

7.5 7.5.1
- Neem van risiko's ✓
- Toewyding ✓
- Kreatiwiteit
- Onafhanklikheid
- Motivering
- Behep met geleenthede
- Probleemoplossing
- Besluitneming
- Visualisering
- Sosiale vaardighede
- Kulturele diversiteit
- Leierskap
- Kommunikasie vaardighede

***LET WEL**: Aanvaar enige gepaste antwoord*. (Enige 2 x 1) (2)

7.5.2
- ŉ Tekort aan finansies/geld om die nodige items te koop. ✓✓
- Toeriste kon dalk bang wees om die woonbuurt te besoek.
- Gebrekkige/geen ondersteuning van rolspelers in die toerismebedryf.
- Diefstal van sy fietse of fietsry-valhelms. (Enige 1 x 2) (2)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING D: 50**

## AFDELING E: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME, KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 8

8.1 A – Spontane Sakpas Verkenners/Spontaneous Budget Explorers ✓✓
B – Ervare Ontspanningsoekers/Seasoned Leisure Seekers ✓✓
C – Welgestelde Mzanzi families/Well-to-Do Mzanzi families ✓✓ (3 x 2) (6)

8.2 8.2.1 Desember is in die skoolvakansie. ✓✓
Die weer is goed vir ontspanningsreisdoeleindes. (2)

8.2.2 Om maatreëls en pogings om seisoenaliteit aan te spreek te verbeter. ✓✓ (2)

8.2.3
- Om gebruik van bestaande toerisme bates en fasiliteite reg deur die jaar te vermeerder. ✓✓
- Om gedifferensieerde bemarking te implementeer deur bemarkingskantore in ander provinsies te stig om daardeur interprovinsiale vennootskappe en interprovinsiale verkope te kweek. ✓✓
- Om ŉ oudit van alle bestaande oorde/parke/natuurreservate in staatsbesit wat in provinsies wat minder besoekers lok, wat in staatsbesit is, te doen asook in gebiede wat nie optimaal gebruik word of onder benut word.
- Ontwikkel en implementeer ŉ Raamwerk vir Openbare en Privaatsektor Vennootskap vir toerisme wat op die bestuur van fasiliteite fokus.
- Skep spesiale aktiwiteite vir gebiede wat minder besoekers lok en gedurende lae seisoen.
- Bied ondersteuning vir die aanbieding van een mega-geleentheid per provinsie gedurende lae seisoen en in provinsies wat minder besoekers lok (musiekfeeste, sportgeleenthede, kulturele geleenthede, godsdienstige byeenkomste, ens.)
- Ontwikkeling van spesifieke aanbiedinge van pre- en post-geleenthede om die tydsduur van die vakansie in gebiede wat minder besoek word te ontwikkel. (2 x 2) (4)

8.3 8.3.1 Zambië ✓ (1)

8.3.2 Luanda ✓ (1)

8.3.3 B ✓ (1)

8.3.4
- Vliegtuig ✓ / Vlugte
- Toerskip (Enige 1 x 1) (1)

8.4 8.4.1 Streeks Toerisme Organisasie van Suidelike Afrika ✓✓ **OF** RETOSA (2)

8.4.2
- ŉ Toename in die getal toeriste sal vir die streek ŉ inkomste genereer deur geld wat deur toeriste spandeer word bv. verblyf, aantreklikhede, inkopies en vervoer. ✓✓
- Toerisme is arbeidsintensief, daarom sal baie mense in diens geneem word.
- Die vermenigvuldigereffek sal in werking tree wat tot ekonomiese groei sal lei.
- Daar sal ŉ aanvraag wees vir nuwe en verbeterde toerisme infrastruktuur ontwikkeling bv. lughawens (om meer vlugte te akkommodeer) en kommunikasienetwerke.

***LET WEL**: Aanvaar enige gepaste antwoord.* (Enige 1 x 2) (2)

**[22]**

## VRAAG 9

9.1
- Gepaste drag vir personeellede sodat Moslemgaste nie beledig word nie en dat respek teenoor hulle getoon word. ✓✓
- Bidtye, Ramadan, beantwoording van navrae oor bidtye en vertrekke vir bid asook beskikbaarstelling van ŉ lys van nabygeleë moskees. ✓✓
- Die kos en drankvoorkeure van Moslemgaste bv. halaalkos en nie-alkoholiese drankies.
- Personeel moet geleer word wat halaal beteken.
- Die restaurantpersoneel moet opgelei word om navrae van Moslemgaste te beantwoord.
- Personeel moet name van restaurante wat halaalkos bedien aan die gaste kan gee indien die hotel nie oor ŉ halaal-restaurant beskik nie of indien hulle nie halaalkos bedien nie.
- Kennis van basiese Arabiese-frases om te groet en aanwysings te gee.

***LET WEL**: Aanvaar enige gepaste antwoord.* (2 x 2) (4)

9.2 9.2.1
- Galileo ✓
- Sabre ✓
- Worldspan
- Abacus (Enige 2 x 1) (2)

9.2.2
- Die reisagentskap sal die WVS tegnologie kan gebruik om vir die beste hotelverblyf, vlugte en motorverhuringspakette asook tariewe te soek, sonder dat hulle op individuele webtuistes inligting moet verkry. ✓✓
- Besprekings kan binne minute gemaak word. ✓✓ (2 x 2) (4)

9.2.3
- Prestasiebestuur ✓✓
- Kwaliteitbeheerkontrole ✓✓
- Kliënte-opnames
- Span- en medewerkerbeoordelings.
- Indiensopleiding (Enige 2 x 2) (4)

9.2.4
- Inkomste word gegenereer ✓✓
- Werkskepping ✓✓
- Tevrede kliënte lei tot tevrede personeel
- Positiewe mondelinge advertensie
- Minder geld sal op bemarking spandeer word (Enige 2 x 2) (4)

**[18]**

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 200**